

WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO

Reeks H: Inougurele Rede nr. 98

'N SINTAKTIESE MODEL as basis en raamwerk vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante

J.J. Janse van Rensburg

Rede uitgespreek tydens die aanvaarding van die amp van hoogleraar in
die Fakulteit Teologie op Vrydag 4 Mei 1984

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1984

WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO

Reeks H: Inougurele Rede nr. 98

'N SINTAKTIESE MODEL as basis en raamwerk vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante

J.J. Janse van Rensburg

Rede uitgespreek tydens die aanvaarding van die amp van hoogleraar in
die Fakulteit Teologie op Vrydag 4 Mei 1984

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1984

INHOUDSOPGAWE

1.	INLEIDING	
1.1	Onderrig van en navorsing in Grieks moet beroepsbepaald wees	1
1.2	Die gebruiksheefes van Grieks-kandidate	1
2.	DIE KARDINALE PLEK VAN SINTAKSIS IN DIE ONDERRIG VAN GRIEKS AAN VOORNEMENDE PREDIKANTE	2
2.1	Algemeen	2
2.2	Sintaksis bied 'n objektiewe kriterium om die struktuur van 'n taaluiting na te spoor	3
2.3	Die andersheid van die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testament, veral in vergelyking met Afrikaans	3
2.4	Die keuse tussen 'n veelvoud sintaktiese funksieemoontlikhede	9
2.5	Die implikasie van die feit dat ook die taalmatige vormgewing van die Grieks van die Nuwe Testament geïnspireer is	10
2.6	Gevolgtrekking	10
3.	TIPERING VAN DIE SINTAKTIESE MODEL	
3.1	Die wyse waarop die model tot stand gekom het	11
3.2	Faset van taal	12
3.3	Die sintaktiese faset van taal	13
3.4	Die onderskeid en verband tussen die sintaktiese faset van taal en die semantiese en morfologiese fasette van taal	14
3.5	Sintaktiese komponent	17
3.6	Sintaktiese funksie	17
3.7	Sintaktiese sinstipe	25
3.8	Die konstruksieemoontlikhede vir elke sintaktiese funksie	26
3.9	Die betekenis van 'n sintaktiese funksie	28
3.10	Sintaktiese transkripsie	28
3.11	Sintaktiese eenheid	28
3.12	Sintaktiese struktuur en die ontleding daarvan	28

4.	DIE WAARDE VAN DIE ONTWERPTE MODEL	29
4.1	Sintaktiese ordening van die Griekse grammatika	29
4.2	Die vergemakliking van sintaktiese kommentaar	30
4.3	'n Metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur	31
4.4	Die verklaring van naamvalle en modi	34
5.	TEN SLOTTE	38
	Bylae 1: Noodsaaklike toerusting vir voornemende predikant	39
	Bylae 2: Morfologiese woordsoorte en woordsoortfamilies	40
	Aangehaalde werke	41

1. INLEIDING

1.1 Onderrig van en navorsing in Grieks moet beroepsbepaald wees

Vir praktiese doeleindes is al die Grieks-kandidate aan die PU vir CHO voornemende predikante. Hierdie feit moet in die onderrig van en navorsing in Grieks volledig verdiskonteer word. Die onderrig van en navorsing in 'n vak mag nooit bloot beroepsgerig wees nie. Dit sou 'n verskraling en vervlakking meebring. Dit moet egter beroepsbepaald wees en die beroepseise van die meerderheid studente verdiskonteer.

Prof. Hennie Grobler (1967, 80-98) (voormalige departementshoof van Grieks) het reeds die standpunt ingeneem dat hierdie feit nie uit die oog verloor mag word nie, en hiermee het hy – so vroeg as 1967 – 'n nuwe koers aangedui. Dr. G.J.C. Jordaan het hierdie pad begin oopkap, en nou is die byl in my hande gelê. Ek beywer my vir die volledige verdiskontering van die feit dat (vir praktiese doeleindes) al die Grieks-kandidate voornemende predikante is.

Daarom is die onderwerp van hierdie intrede nie slegs “ 'n Sintaktiese model as basis en raamwerk vir die onderrig van Grieks” nie, maar met die koers- en inhoudbepalende toevoeging “ 'n Sintaktiese model as basis en raamwerk vir die onderrig van Grieks *aan voornemende predikante*”. Die gebruiksbehoefes van die kandidate was die belangrikste enkele stimulus tot die ontwerp van die sintaktiese model wat ek aan u voorhou.

1.2 Die gebruiksbehoefes van Grieks-kandidate

'n Voornemende predikant word onderrig in die vak Grieks sodat hy in staat kan wees om die Nuwe Testament te interpreteer in die taal waarin die Heilige Gees, die eintlike Skrywer van die Nuwe Testament, dié versameling boeke laat skryf het, en ook om ander tersaaklike Griekse geskrifte te interpreteer.

Die vormingsdoelstelling is dus dat die voornemende predikant die

nodige kennis, vorming en vaardigheid opdoen sodat hy filologies*) - wetenskaplik toegerus is vir die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament en ander tersaaklike Griekse geskryfte tydens sy teologiese studie en latere Woordbedieningswerk. In praktyk beteken dit dat hy tydens sy onderrig in Grieks toegerus moet word om 'n wetenskaplik-motiveerbare dinamies-ekwivalente Afrikaanse vertaling van 'n Griekse teks te maak. Hierdie toerustingsdoelwit kan slegs bereik word indien die Grieks-kandidaat nie slegs ten opsigte van morfologie en sintaksis onderrig word nie, maar ook ten opsigte van semantiek, literatuurkunde, tekskritiek, linguïstiek, semiotiek en hermeneutiek die onderrig ontvang wat nodig is om 'n dinamies-ekwivalente Afrikaanse vertaling van 'n Griekse teks te maak. Die diagram in Bylae 1 gee 'n oorsig oor die noodsaaklike toerusting vir die voornemende predikant.

Die gebruiksbehoefes van Grieks-kandidate maak dit dus dwingend dat die voornemende predikant aan die einde van sy formele Griekse opleiding as filoloog en (filologiese) hermeneut toegerus is.

In hierdie toerusting, en in die navorsing met die oog op die toerusting, beklee sintaksis 'n baie kardinale plek.

2. DIE KARDINALE PLEK VAN SINTAKSIS IN DIE ONDERRIG VAN GRIEKS AAN VOORNEMENDE PREDIKANTE

2.1 Algemeen

Funk (1977 DI. 1, 3) wys daarop dat daar algemeen verkeerdelik van die standpunt uitgegaan word dat "the major task in learning a new language is learning the lexical meaning of words ... The more important as well as the more difficult task is learning the grammatical structures and structure signals."

* In aansluiting by Jordaan (1980,21) word *filologie* hier in ruimer sin geneem: "Die Griekse filologie is die wetenskap wat as objek van studie het die geopenbaarde logos van die Grieke (individueel en as volk) gedurende die tydperk 6 eeue v.C. tot 6 eeue n.C. soos dit in die gekrewe vorm aan die nageslag oorgelewer is."

Hy onderstreep die belangrikheid van sintaksis vir die onderrig van 'n taal nog verder deur te sê: “ ... the beginner is advised – according to most modern linguists – to endeavour to seize the language at its most immediately workable level, namely the sentence. ... A knowledge of morphology, major vocabulary and even phrase structure does not necessarily make a language usable apart from some acquaintance with sentence structure” (1977, DI. 1.25,26). Elders (1977, DI. 2, 337) voeg hy hieraan toe: “There can be understanding of sentences only where understanding of grammatical structure precedes.”

Ook Mickelsen (1963, 129-32) wys op hierdie kardinale plek van sintaksis: “Syntactical categories (if they are not treated mechanically) enable us to penetrate thought to a degree impossible to one unacquainted with syntactical procedure. ... Our comprehension of the relationship of words, phrases and clauses affects our understanding of thought. ... Syntax is indispensable for our understanding of ideas.”

2.2 Sintaksis bied 'n objektiewe kriterium om die struktuur van 'n taaluiting na te spoor

Alle taaluitings moet gestruktureer wees om sin te maak. Die groepering van woorde in 'n sin, hulle onderlinge verhouding en die onderlinge verhouding tussen sinne bied 'n objektiewe kriterium om die struktuur van 'n taaluiting na te spoor (in aansluiting by Loader, 1978, 19).

2.3 Die andersheid van die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testament, veral in vergelyking met Afrikaans

Elke taal vertoon 'n eie sintaksis (Dillard 1978, 177; Vorster 1974, 22; Louw 1974, 80; Thiselton 1977, 87; Wonderley 1968, 182; De Villiers 1975, 29; Chafe 1970, 81). Hierdie andersheid is veral daarin geleë dat, terwyl 'n komponent van 'n bepaalde taaluiting se sintaktiese funksie konstant bly tussen tale, die morfologiese konstruksie van die komponent aansienlik kan verskil. Verskillende tale het dus verskillende voorkeurkonstruksies vir dieselfde sintaktiese funksies. Verder is sekere tale minder of meer vatbaar vir onderskikking en neweskikking respektiewelik.

Die andersheid van die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testa-

ment word hieronder aan die hand van 'n voorbeeld uit Romeine 8 geïllustreer.

2.3.1 Onderskikking teenoor neweskikking

Grieks het hoofsaaklik 'n onderskikkende en gekompliseerde sintaktiese struktuur. Nida (1975, 76) tipeer hierdie kenmerk van Grieks soos volg: " ... the special structure of Greek ... permits long sentences made up of several clauses which are rather intricately combined. Few other languages can compare with Greek in this type of style." Hedendaagse Afrikaans, daarenteen, het hoofsaaklik 'n neweskikkende en eenvoudige sintaktiese struktuur.

Hierdie verskynsel is goed te illustreer deur die volgende vergelyking van die Griekse teks, die 1933-Afrikaanse vertaling (wat die Griekse sintaksis en morfologiese konstruksies meestal feitlik onveranderd weergee) en die 1979-Afrikaanse vertaling (wat meer idiomatiese Afrikaans is):

GRIEKES	1933-AFRIKAANS	1979-AFRIKAANS
<p>3. τὸ γὰρ ἀδύνατον τοῦ νόμου, ἐν ᾧ ἠσθένει διὰ τῆς σαρκός, ὁ θεὸς τὸν ἑαυτοῦ υἱὸν πέμψας ἐν ὁμοιώματι σαρκὸς ἁμαρτίας καὶ περὶ ἁμαρτίας κατέκρινεν τὴν ἁμαρτίαν ἐν τῇ σαρκί,</p> <p>4. ἵνα τὸ δικαίωμα τοῦ νόμου πληρωθῆ ἐν ἡμῖν τοῖς μὴ κατὰ σάρκα περιπατοῦσιν ἀλλὰ κατὰ πνεῦμα.</p>	<p>Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.</p>	<p>Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het die sonde binne die sondige bestaan van die mens veroordeel deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur as 'n offer vir die sonde. Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.</p> <p>Rm 8:3v</p>

Veral die volgende is opmerklik:

1. Vers 3 en 4 vorm in die Grieks (en ook in die 1933-Afrikaanse vertaling) een saamgestelde sin, terwyl dit in die 1979-Afrikaanse vertaling in drie selfstandige sinne verdeel is.

2. Die 1979-Afrikaanse vertaling voeg ter wille van die verdeling in meer sinne sekere ekstra sintaktiese komponente in, bv.:

Vers 3: om te doen dit het (God) gedoen	Vers 4: Nou ons
---	--------------------

3. Die Afrikaans gebruik ander elemente om die bindings tussen sinne en sinsdele aan te dui, bv.:

Vers 3: *Wat* die wet nie by magte was om te doen nie, *dit* ...

Vers 4: Hierdie vers begin met *Nou* om die binding tussen vers 3 en 4 aan te dui. Die herhaling van *ons* vind plaas om aan te dui waarby die byvoeglike bysin *wat ons lewe nie* ... 'n kwalifikasie is.

2.3.2 Voorkeurkonstruksies vir bepaalde sintaktiese funksies

'n Tweede verskynsel waarin die andersheid van die sintaksis van die Grieks van die Nuwe Testament vergestaltig vind, is die feit dat Grieks in baie gevalle ander voorkeurkonstruksies vir 'n bepaalde sintaktiese funksie het as wat Afrikaans het. Hierdie verskynsel kan goed geïllustreer word aan die hand van die vergelykende tabel op die vorige bladsy:

Vers 3: 1. τὸ γὰρ ἀδύνατον τοῦ νόμου (lidwoord + verselfstandigde byvoeglike naamwoord + genitief van 'n selfstandige naamwoord) word in die 1979-vertaling *wat die wet nie by magte was om te doen nie* ('n byvoeglike bysin met *wet* as onderwerp).

2. περὶ ἁμαρτίας (voorsetsel + selfstandige naamwoord)

word 'n offer vir die sonde (twee selfstandige naamwoorde met 'n voorsetsel verbind).

Vers 4: 1. κατὰ πνεῦμα (voorsetsel + selfstandige naamwoord) word *deur die Gees laat beheers* (voorsetsel + selfstandige naamwoord + werkwoord).

2.3.3 Implikasie

In die voorgaande is geïllustreer dat die Grieks van die Nuwe Testament tot onderskikking neig maar hedendaagse Afrikaans tot neweskikking. Daar is ook geïllustreer dat Grieks en Afrikaans dikwels verskillende voorkeurkonstruksies vir dieselfde sintaktiese funksies het.

Die implikasie hiervan is die volgende: Paulus (bv.) wou onder leiding van die Heilige Gees iets sê, en om dit te sê gebruik hy die sintaktiese struktuurvorme van die Grieks van sy tyd. Hierdie sintaktiese struktuurvorme sê presies wat Paulus wil sê, maar dan vir sy lesers wat self hierdie Grieks ken.

Daar is 'n bepaalde verhouding tussen dit wat Paulus wou sê (die "dieptestruktuur"), en die sintaktiese struktuurvorme wat hy gebruik om dit te sê (die "oppervlakstruktuur").

Waarmee die leser te doen kry, is die "oppervlakstruktuur". Vir die moedertaalleser is dit normaalweg geen probleem om van die "oppervlakstruktuur" na die "dieptestruktuur" te gaan nie; trouens, hy doen dit so intuïtief dat hy dit meestal nie agterkom nie. "Oppervlak" en "dieptestruktuur" is eintlik nie 'n onderskeiding wat hy hoef te maak nie, aangesien die taaluiting vir hom normaalweg deursigtig is. Deur na die oppervlak te kyk, sien hy die diepte.


Indien Paulus egter hedendaagse Afrikaans geskryf het, sou hy onder andere ander sintaktiese struktuurvorme gebruik het om presies dieselfde te sê. Die verhouding tussen die "oppervlakstruktuur" en die "dieptestruktuur" is dus in die geval van Afrikaans anders as dié in Grieks.

Aan die hand van simbole kan hierdie saak soos volg geïllustreer word:

Gestel dit wat Paulus wil sê (d.w.s. die “dieptestruktuur”), is a. Die sintaktiese struktuurvorme wat hy gebruik om dit te sê (d.w.s. die “oppervlakstruktuur”), is y wanneer hy as Afrikaanssprekende dit doen, en z wanneer hy as Griekssprekende dit doen. Wat die Griekse leser voor hom kry, is z – en onmiddellik sien hy a. Wat die Afrikaanse leser voor hom kry, is y – en onmiddellik sien ook hy a. Dus kry die twee lesers onderskeidelik za en ya voor hulle. Langs verskillende weë (z → a en y → a) vorm albei dus dieselfde inhoud (a).

Wanneer die Afrikaanse leser z voor hom kry, sien hy egter nie a nie, want nie z as “oppervlakstruktuur” bring hom y a as “dieptestruktuur” nie, maar slegs y as “oppervlakstruktuur”. As hy z voor hom kry, sien hy dus iets anders as a, of sien hy a nie duidelik raak nie.

Sketsmatig voorgestel



Dit blyk dus dat “oppervlak” en “dieptestruktuur” nie twee aparte onderdele van ’n taaluiting is nie. “Oppervlak” en “dieptestruktuur” is slegs ’n onderskeiding en nie ’n skeiding nie. Hulle is wesenlik één, en die moedertaalleser of die kenner van die taal ervaar dit ook as ’n

eenheid.

Die volgende beeld illustreer hierdie eenheid tussen “oppervlak” en “dieptestruktuur”:

As 'n mens die betrokke taaluiting (gestel za) met 'n kuil helderskoon water vergelyk, dan is die oppervlakte van die water z, en die water in sy diepte a. (Let daarop dat z en a sáám die water uitmaak.) Wanneer mens die kuil water sou bestudeer, hang jou waarneming af van die hoek waaruit jy die oppervlak benader: indien die hoek reg is, word die kuil water in sy volle diepte gesien. Wanneer die hoek egter nie korrek is nie, word óf 'n skeefgetrokke beeld van die kuil water gekry, óf die oppervlak word 'n spieël wat geen insig bied nie. Die moedertaalleser se benaderingshoek is intuïtief reg (d.w.s. sy interpretasie van die oppervlakstruktuur is intuïtief reg). Wanneer hy z sien, interpreteer hy z só dat hy a sien.

Die volgende gevolgtrekking kan met reg gemaak word: Wanneer 'n Afrikaanse vertaling van die Griekse Nuwe Testament die Griekse sintaktiese struktuur onveranderd oorneem, interpreteer die gemiddelde Afrikaanssprekende leser dit asof dit tipies Afrikaanse sintaktiese struktuur is. Sy interpretasie is egter dan uit die aard van die saak in baie opsigte nie korrek nie of nie duidelik nie.

Daar is egter ook diegene wat sê dat die 1933-Afrikaanse vertaling vir hulle honderd persent deursigtig is. Die rede is voor die hand liggend: jare lank het hulle die Skrif bestudeer en na prediking geluister waarin die Skrif verklaar word. (Dink maar hoe dikwels 'n mens in 'n preek die volgende stelling hoor: 'Maar wat daar eintlik in die grondtaal staan ...') Sonder dat sodaniges dit weet, het hulle algaande geleer om vanuit die Griekse sintaktiese struktuur die bedoeling van die skrywer te snap. Hulle het dus die Griekse sintaksis bemagtig!

Selfs wanneer iemand met die Grieks self werk – veral wanneer sodanige persoon nie werklik in Grieks onderlê is nie – is hierdie probleem nie uitgesluit nie. Al snap hy die bedoeling, is hy nie daartoe in staat om sy begrip van wat geskryf staan, wetenskaplik taalkundig te motiveer nie. Hy verval dan gewoonlik in een van twee uiterstes: óf hy kom nie verder as 'n formeel gelyke vertaling nie, óf hy skets sy insig

in die bedoeling van die teksgedeelte aan die hand van 'n parafrasevertaling.

Die sleutel lê daarin dat sodanige interpreteerder in staat gestel moet word om die Griekse sintaksis in sy eksegetiese arbeid te beheers. Dan kan hy gemotiveerd wetenskaplik en kontroleerbaar van die Griekse sintaktiese struktuur afwyk.

2.4 Die keuse tussen 'n veelvoud van sintaktiese funksie-moontlikhede

Grieks vertoon dikwels – veral vir die nie-moedertaalleser – 'n veelvoud van sintaktiese funksie-moontlikhede vir 'n bepaalde sintaktiese komponent. Martin (1977, 22) sê tereg in hierdie verband: “ ... there will be a residue of places where the grammatical or syntactical sense is unclear Several instances of this ambiguity and it is uncertain exactly how the prepositional phrases, dependent clauses and adverbial expressions fit together as the author originally intended. Several permutations and combinations are possible.”

Rom 1:17 bied goeie illustrasie-materiaal:

ὁ δίκαιος ἐκ πίστεως ζήσεται
Die regverdige uit geloof: sal lewe

Die sintaktiese komponent ἐκ πίστεως (uit geloof) kan ὁ δίκαιος (die regverdige) kwalifiseer, ὁ ζήσεται (hy sal lewe). Indien eersgenoemde die geval is, is die vertaling: “Hy wat uit geloof geregverdig is, sal lewe.” Indien laasgenoemde die geval is, is die vertaling: “Die regverdige sal uit die geloof lewe.”

Ook Afrikaans vertoon hierdie verskynsel, maar vir die moedertaalleser lewer dit die minimum probleme op. Tereg toon Mickelsen (1963, 129) aan dat wanneer 'n nie-moedertaalleser die Grieks verklaar, dit ongetwyfeld so is dat hy by aandagtige deurlees baie van die gedagtegang snap, sonder dat hy begrip van die sintaktiese komponente en hulle funksies hoef te hê. Maar afgesien van die feit dat hy baie verhoudings tussen komponente nie gaan raaksien of korrek interpreteer nie — met die gevolglike gebrekkige insig in die bedoeling van die skrywer —, moet

die wetenskaplike verklaarder gemotiveerd wetenskaplik, d.w.s. met eksplisiete taalkundige aanduiding en motivering, die funksie-moontlikhede bepaal en 'n keuse daartussen maak. Hy kan dit slegs doen wanneer die sintaksis van die Grieks beheers word.

2.5 Die implikasie van die feit dat ook die taalmatige vormgewing van die Grieks van die Nuwe Testament geïnspireer is

Die skrywers van die Nuwe Testament is nie slegs ten opsigte van die inhoud van wat geskryf staan, geïnspireer nie, maar ook ten opsigte van die taalmatige vormgewing wat hulle gekies het om te sê wat hulle onder leiding van die Heilige Gees wou sê.

Omdat taalmatig tipiese Griekse vormgewing en taalmatig tipiese Afrikaanse vormgewing van dieselfde gedagte egter in baie opsigte verskillend is, volg dit as vanselfsprekend dat die interpretasie van 'n teksgedeelte nie afgehandel is wanneer die vertaalekwivalente van woorde gevind is nie. Ook die taalmatige vormgewing, en dan meer bepaald die sintaktiese struktuur, moet geïnterpreteer word.

Dit hou onder meer in dat die gepaste sintaktiese struktuurekwivalent in die moedertaal gevind moet word. Dillard (1978b, 118) sê tereg in hierdie verband: "Both the Biblical languages and our own language are adequate to convey the revelation of God, but we must respect the structural uniqueness and integrity of each."

Die implikasie van die feit dat ook die taalmatige vormgewing van die Grieks van die Nuwe Testament geïnspireer is, is dat die interpreteerder genoodsaak word om ook die sintaktiese struktuur te interpreteer.

2.6 Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat sintaksis 'n baie kardinale plek beklee in die onderrig van Grieks aan voornemende predikante. Die sintaktiese model wat in hierdie onderrig gebruik word, sal gevolglik 'n bepalende rol speel in die effektiwiteit van die voornemende predikante se toerusting.

3. TIPERING VAN DIE SINTAKTIESE MODEL

Voordat daartoe oorgegaan word om 'n tipering te gee van die sintaktiese model, is dit belangrik om die wyse waarop die model tot stand gekom het, kortliks te skets.

3.1 Die wyse waarop die model tot stand gekom het

Verskillende sintaktiese modelle is in die onderrig van Grieks beproef, maar geeneen kon suksesvol as basis en verwysingsraamwerk in die onderrig van Grieks aan voornemende predikante gebruik word nie, hoofsaaklik vanweë die volgende redes:

1. Onderskeidings en definisies geld dikwels slegs intra-taal (bv. Afrikaans) en nie ook inter-taal (Afrikaans en Grieks) nie.

2. Die onderskeiding en verband tussen die sintaktiese faset van taal enersyds en die morfologiese en semantiese faset andersyds word nie eksplisiet en terminologies gehandhaaf nie. Voorbeelde hiervan is die volgende:

* Die term *grammatiese* word as saambreelterm gebruik om sowel die morfologiese as die sintaktiese fasette van taal te omvat.

* Sintaksis word gebrekkig en/of verkeerd gedefinieer. Vergelyk 3.3 hieronder.

* Morfologiese woordsoorte en morfologiese konstruksies word in die sintaktiese modelle as uitgangspunt geneem, in plaas van 'n sintaktiese onderskeiding.

* Daar is mistasting ten opsigte van die sintaktiese funksies. Vergelyk 3.6 hieronder.

3. Die sintaktiese modelle binne die transformasionele generatiewe grammatika werk op die vlak van sogenaamde sintaktiese dieptestruktuur. Vir die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament en ander Griekse tekste is dit belangrik om met die teks voorhande (die "oppervlakstruktuur") te werk, en nie met 'n vermeende dieptestruktuur

nie.

Die sintaktiese model wat ek aan u voorhou is uit die praktyk van die onderrig van Grieks aan voornemende predikante, uit die praktyk van teologiese studie en uit die praktyk van bedienaar-van-die-Woord-wees-gebore.

Van 1975 tot 1978 het my onderrig van Grieks en my eie teologiese studie parallel geloop. Hierdie “paralielle” jare was — by nabaat beskou — die onontbeerlike teelaarde vir die totstandkoming van die sintaktiese model. Ek kon die gebruiksbehoefes van die teologiese student eerstehands peil, en verskillende moontlikhede beproef om aan hierdie gebruiksbehoefes te voldoen.

Ek kon hierdie model ook vir enkele jare in die bedieningspraktyk van die predikant beproef en het op grond van hierdie praktyk-toetsing enkele aanpassings gemaak.


Die daarstelling van ’n sintaktiese model was dus nie ’n doel op sigself nie, maar die (voorlopige) eindresultaat van ’n poging om die gebruiksbehoefes van die teologiese student en predikant ten opsigte van sowel teologiese navorsing as die bedieningspraktyk te ondervang.

3.2 Faset van taal


Die term *faset* in die uitdrukking *faset van taal* dui nie op ’n bepaalde onderdeel van taal nie maar op ’n *snit van* of ’n *gesigshoek op* taal. *Sintaktiese faset van taal* beteken dus *sintaktiese gesigshoek op taal*.

Sketsmatig voorstel:

Die sintaktiese is nie ’n *onderdeel* van taal nie,



maar 'n faset van, 'n gesigshoek op taal.



3.3 Die sintaktiese faset van taal

Die definiëring van die sintaktiese faset van taal (oftewel: sintaksis) is 'n saak waaroor daar uiteenlopende standpunte onder sowel linguïste as klassici bestaan. Geeneen van die bestaande definisies definieer sintaksis bevredigend nie. Sintaksis is veel meer as die blote opeenvolging van taalelemente, soos wat Oller (1972, 52) sintaksis definieer. Sintaksis is ook veel meer as die teorie van die linguïstiese vorms van taal, soos Carnap (1937, 1) sintaksis definieer.

Ander se definisies laat die klem val op konstruksie, samestelling of ordening van die kleiner en groter onderdele van 'n sin: Bloomfield (1935, 207); Chomsky (1957, 11); Nida + Taber (1974, 201); De Saussure (1966, 91); Stork (1974, 17); Greenlee (1972, 131); Goetchius (1965, 13); Smyth (1963, 255); Nunn (1938, xii); Kruger (1961, 4).

Hierdie definisies het 'n baie groot waarheidsmoment. Hulle vertoon egter die gemeenskaplike leemte dat die terme *konstruksie*, *samestelling* en *ordering* te vaag is. Die definisies bly in gebreke om duidelik en omvattend te stel wat dit is wat gekonstrueer, saamgestel of georden word.

By sintaksis moet die klem op die verhoudings tussen die komponente van 'n taaluiting val. Persone wie se definisies in 'n mindere of meerdere mate op die verhoudings tussen die komponente van 'n taaluiting fokus, is die volgende: Robertson (1923, 384.444); Newman + Nida (1973, 313); Funk (1977, Dl. 1, 8); Du Plessis (1982, 11); Grabner-Haider (1974, 13); Mickelsen (1963, 14); Greenlee (1972, 140) en Stoker (1968, 160). In al hierdie definisies word egter op 'n gebrekkige en onvolledige wyse gesê wat die komponente is wat in verhouding tot mekaar staan.

Omdat geeneen van die bestaande definisies bevredig nie, is 'n eie definisie van die sintaktiese faset van taal geformuleer:

Die sintaktiese faset van taal (sintaksis) het te doen met die verhouding (relasie/verband) tussen sintaktiese komponente (en/of groepe sintaktiese komponente) in 'n sinvolle selfstandige taaluiting.

3.4 Die onderskeid en verband tussen die sintaktiese faset van taal en die semantiese en morfologiese fasette van taal

In die onderrig van Grieks aan (i.c.) Afrikaanssprekendes is dit noodsaaklik dat die onderskeiding en aard van die onderlinge verhouding tussen die sintaktiese faset en die morfologiese en die semantiese fasette van taal gemaak word en korrek gemaak word en dat hierdie onderskeid en aard van die onderlinge verhouding ook eksplisiet en terminologies gehandhaaf word.

Die sintaktiese faset van taal het te doen met die *verhouding* tussen sintaktiese komponente in 'n selfstandige sinvolle woordreeks en die verhouding tussen selfstandige sinvolle woordreekse.


Die morfologiese faset van taal het te doen met woorde se *vorm* en die wyse waarop 'n woord met ander woorde verbind om morfologiese

konstruksies te vorm.

Die semantiese faset van taal het te doen met die woord, die woordgroep, die sinsnede, die bysin, die sin, en gedagte-eenheid. Nie vorm, konstruksie of struktuur van hierdie taalelemente op sigself is ter sake nie maar die *betekenis* van die elemente self en die *betekenis* van hulle onderlinge verhouding.

Die gemeenskaplike tussen genoemde drie fasette van taal is dat al drie met morfologiese woordsoorte en/of morfologiese konstruksies te doen het. Die onderskeidende is dat die sintaktiese faset te doen het met die verhouding tussen die morfologiese woordsoorte en/of konstruksies, terwyl die morfologiese faset met die vorm daarvan, en semantiese faset met die betekenis daarvan te doen het.

Die gemeenskaplike en onderskeidende kan sketsmatig soos volg voorgestel word:



Die implikasie van die gemeenskaplike is dat daar nie 'n algehele skeiding tussen die sintaktiese faset en die morfologiese en die semantiese faset van taal gemaak kan word nie, maar dat daar 'n vervlegtheid en onderlinge afhanklikheid is.

Die implikasie van die onderskeidende is dat dit moontlik is om onderskeidings vanuit elke faset te maak wat net aan daardie faset eie is, maar tog nie onafhanklik van oorwegings vanuit die ander fasette nie. Die feit van die fasetuniekheid van sodanige onderskeidings maak die eksplisiete en terminologiese handhawing daarvan dwingend. Die feit van die afhanklikheid van oorwegings vanuit die ander fasette maak duidelike definiëring van die onderskeidings dwingend.

Sodanige faset-unieke onderskeidings wat binne die model gemaak, gedefinieer en benoem is, is die volgende:

Vanuit sintaktiese faset	Vanuit morfologiese faset	Vanuit semantiese faset
<ol style="list-style-type: none"> 1. Sintaktiese komponent 2. Sintaktiese funksie 3. Sintaktiese sinstipe 4. Sintaktiese transkripsie 5. Sintaktiese eenheid 6. Sintaktiese struktuur 7. Betekenis van 'n sintaktiese funksie 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Morfologiese woordsoort 2. Morfologiese woordsoort-familie 3. Morfologiese konstruksie 4. Morfologiese transkripsie 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gedagtekomponent 2. Semantiese funksie 3. Semantiese woordsoort 4. Gedagte-opbou

3.5 Sintaktiese komponent

'n Sintaktiese komponent is 'n morfologiese woordsoort*) of morfologiese konstruksie**) wat as eenheid in 'n bepaalde verhouding tot 'n ander morfologiese woordsoort of morfologiese konstruksie in 'n sin staan.

Sintaktiese komponent kom in 'n mindere of meerdere mate ooreen met die volgende onderskeidings van die volgende taalkundiges: De Haan e.a. (1977, 30): konstituenten; Pike (Stork 1974, 99): tagmeem; Bloomfield (1935, 184): syntactic constructions; Ponelis (1979, 5): sintaktiese konstruksie.

3.6 Sintaktiese funksie

Die sintaktiese funksies is die verhoudingstipes tussen sintaktiese komponente (en/of groepe sintaktiese komponente) in 'n sinvolle selfstandige taaluiting.

Hierdie onderskeiding van sintaktiese funksie vorm die kern van my sintaktiese model. Juis hierin lê die hoofmoment van die breuk met die algemeen aanvaarde standpunt waarvolgens tussen NS (naamwoordstuk of onderwerp) en WS (werkwoordstuk of predikaat) onderskei word. Ek neem dus standpunt in teen die benoeming van 'n sin as $S = NS + WS$, en daarmee teen die volgende Griekse grammatici wat wel met sodanige onderskeiding werk: Robertson (1923, 390), Turner (1963, 11), Winer (1870, 644), Wenham (1970, 1), Nunn (1938, 14), Smyth (1963, 255) en Funk (1977, Dl. 2, 419).

Noukeurige bestudering van Griekse (en Afrikaanse) sinne toon dat daar tien tipes verhoudings tussen sintaktiese komponente in sinne is.

* 'n Morfologiese woordsoort is die naam van die groep woorde wat as groep in Grieks vormlike ooreenkomste vertoon en gesamentlik dieselfde sintaktiese funksieoortlikhede vertoon. Vergelyk die tabel in Bylae 2 vir die verskillende morfologiese woordsoorte.

** 'n Morfologiese konstruksie ontstaan wanneer verskillende morfologiese woordsoorte in 'n sinvolle woordreeks tot 'n sintaktiese eenheid verbind word.

Hierdie onderskeiding van sintaktiese funksies is 'n nuwe onderskeiding. Gevolglik bestaan daar geen terminologiesisteem vir die benoeming van die tien sintaktiese funksies nie. Daarom moes nuwe beskrywende benoemings geskep word. nl.: Genoemde, Koppeling, Gekoppelde, Handelende, Handeling, Behandelde, Betrokkene, Onverbondene, Byvoeging en Bepaling.

Die funksies word nou agtereenvolgens gedefiniëer en geïllustreer.

3.6.1 *Genoemde*

Genoemde is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent in koppelwerkwoordsinne waaraan die koppelwerkwoord 'n ander sintaktiese komponent koppel.

Bv.: ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
Die man is leermeester

Die tradisionele term *onderwerp van 'n koppelwerkwoordsin* is korrek. Die term is egter te omslagtig.

3.6.2 *Koppeling*

Koppeling is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat 'n ander sintaktiese komponent aan Genoemde koppel.

Bv.: ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος
Die man is leermeester

Die tradisionele term *koppelwerkwoord* is die benoeming van 'n morfologiese woordsoort en is daarom nie as benoeming van sintaktiese funksie bruikbaar nie.

3.6.3 *Gekoppelde*

Gekoppelde is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat deur 'n Koppeling aan 'n Genoemde gekoppel word.

Bv.: ὁ ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος

Die man is *leermeester*

Die tradisionele terme *predikatiewe byvoeglike naamwoord* en *predikatiewe selfstandige naamwoord* is nie geslaagde benoeming van dié sintaktiese funksie nie, aangesien dit deels 'n morfologiese woordsoortlike benoeming is.

3.6.4 Handelende

Handelende is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die insieerder is van die handeling/gebeure wat uitgedruk word deur 'n oorganklike (aktief, medium en passief) of onoorganklike werkwoord.

Bv.: 1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βίβλον

Die man gee die boek.

2) ο βίβλος δίδεται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός

Die boek word *deur die man* gegee.

Die term *onderwerp* (subjek) is ontoereikend, aangesien die term kragtens die gangbare definisies daarvan nie 'n sintaktiese onderskeiding benoem nie. Smyth (1963, 255) se definisie van *subject* is bv.: "The person or thing about which something is said." Funk (1977, DI. 2, 128) se definisie is morfologies gemotiveer: "The *subject* is that word or word group that determines the personal ending attached to the finite verb." Newman + Nida (1972, 314) sluit aan by hierdie morfologiese benadering, soos uit die volgende aanhaling blyk: "... the active voice indicates that the subject is being acted upon". Ponelis (1979, 411) se benadering kom ooreen met Newman + Nida sin: "Deur die begrip *lydend/passief* word aangedui dat passiewe konstruksies nie handelinge aandui wat deur hulle onderwerpe uitgevoer word nie."

Ten opsigte van sintaktiese funksie is daar geen verskil tussen 'n aktiewe sin en 'n passiewe sin nie. In die sinne ὁ ἀνὴρ δίδωσι βιβλόν (die man gee 'n boek) en ὁ βιβλός δίδεται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός (die boek word deur die man gegee) is die tipe verhouding tussen *die man* en *gee* dieselfde. Van die aktiewe na die passiewe sin is daar slegs drie veranderings, en nie een daarvan beïnvloed die sintaktiese funksie van die *man* nie. Die drie veranderings is:

1) Die werkwoord se uitgang word dié van die passief en die persoon en getal van die uitgang word nie meer deur *die man* bepaal nie, maar deur *die boek*. Hierdie verandering het egter slegs op morfologiese vlak implikasie: die morfologiese samestelling van die werkwoord verander. Die sintaktiese funksie van die werkwoord bly egter onveranderd, nl. Handeling.

2) *Die man* word in Afrikaans in die passief gekonstrueer met toevoeging van die voorsetsel *deur* en in Grieks (in die genoemde voorbeeld) deur die toevoeging van die voorsetsel ὑπό en die verandering van die naamval tot genitief (τοῦ ἀνδρός). Hierdie veranderings het egter slegs die morfologiese konstruksie van die sintaktiese komponent *die man* verander. Die sintaktiese funksie bly onveranderd, nl. Handelende.

3) Verder verander die tema (of: topiek; vgl. Ponelis 1979, 407-16) van die sin. In die aktiewe sin is *die man* die tema en in die passiewe sin *die boek*. Hierdie verandering het egter slegs op semantiese vlak implikasies.

Die sintaktiese funksie van *die man* en *die boek* bly onveranderd.

3.6.5 Handeling

Handeling is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die handeling/gebeure waarvan die Handelende die inisieerder is, uitdruk.

Bv.: 1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βίβλον

Die man gee die boek

2) ὁ βίβλος δίδοται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός

Die boek word deur die man gegee

Die tradisionele term *werkwoord* is nie 'n bruikbare benoeming vir die sintaktiese funksie nie, aangesien dit 'n morfologies woordsoortlike benoeming is. Die terme *gesegde* en *predikaat* is ook nie bruikbaar nie, aangesien dit gewoonlik meer as slegs die "werkwoord" insluit en dit nie 'n beskrywende benoeming van hierdie sintaktiese funksie is nie.

3.6.6 Behandelde

Behandelde is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die voorwerp/onderganer is van die handeling/gebeure wat deur 'n oorganklike werkwoord (aktief, passief en medium) uitgedruk word.

Bv.: 1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βίβλον

Die man gee die boek

2) ὁ βίβλος δίδοται ὑπὸ τοῦ ἀνδρός

Die boek word deur die man gegee

Die tradisionele term *voorwerp* kan nie gehandhaaf word nie, aangesien dit die sintaktiese funksie tot aktiewe sinne sou beperk. Soos Handelende in Behandelde 'n sintaktiese funksie by aktiewe en passiewe sinne.

3.6.7 Betrokkene

Betrokkene is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat die "indirekte voorwerp"/bevoordeelde of benadeelde van die hande-

ling/gebeure is wat deur die Handeling uitgedruk word.

Bv.: 1) ὁ ἀνὴρ δίδωσι τῷ δούλῳ

Die man gee vir die slaaf

2) ὁ βίβλος δίδεται τῷ δούλῳ

Die boek word vir die slaaf gegee

Die tradisionele term *indirekte voorwerp* kan nie gehandhaaf word nie, aangesien dit die term (direkte) *voorwerp* veronderstel.

3.6.8 Onverbondene

Onverbondene is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat in 'n sin sintakties onverbonde is (gewoonlik aanspreekvorms, uitroepe en parentetiese stellings).

Bv.: φίλει; ὁ ἀνὴρ δίδωσι τὸν βίβλον

Vriend, die man gee die boek

Die tradisionele terme *aanspreekvorm/uitroep* en *parentetiese stelling* kan nie gehandhaaf word nie, aangesien nie die sintaktiese funksie daardeur benoem word nie, maar wel die konstruksie wat dié sintaktiese funksie vervul.

3.6.9 Byvoeging

Byvoeging is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat Genoemde, Gekoppelde (slegs wanneer dit 'n selfstandige naamwoord is), Handelende, Behandelde, Betrokkene of Onverbondene kwalifiseer.

Bv.: ὁ καλὸς ἀνὴρ ἐστὶ διδάσκαλος

Die *mooi* man is leermeester

Die tradisionele terme *byvoeglike naamwoord* en *byvoeglike bepaling/bysin* is korrek in dié opsig dat die term *byvoeglike* telkens gebruik word. Om egter in die benoeming van die sintaktiese funksie 'n onderskeid tussen *naamwoord*, *bepaling* en *bysin* te maak, kan nie gehandhaaf word nie, aangesien dit morfologies woordsoortlike onderskeidings is, wat nie by die benoeming van die sintaktiese funksie ter sake is nie.

3.6.10 Bepaling

Bepaling is die sintaktiese funksie van elke sintaktiese komponent wat Koppeling, Gekoppelde (slegs wanneer 'n byvoeglike naamwoord), Handeling of Byvoeging kwalifiseer.

Bv.: ὁ ἀνὴρ ἀεὶ ἐστὶ διδάσκαλος

Die man is altyd leermeester

Die tradisionele terme *bywoord* en *bywoordelike bepaling/bysin* is korrek in dié opsig dat die term *bywoord(-elike)* telkens gebruik word. Om egter in die benoeming van die sintaktiese funksie 'n onderskeid tussen *woord*, *bepaling* en *bysin* te maak, kan nie gehandhaaf word nie, aangesien dit morfologies woordsoortlike onderskeidings is, wat nie by die benoeming van sintaktiese funksie ter sake is nie.

3.6.11 Sinopsis van die sintaktiese funksies

Sint. funksie	Verkorte definisie	Voorbeeld
1. Genoemde	'n Koppeling koppel 'n Gekoppelde hieraan	<u>ὁ ἀνὴρ</u> ἐστὶ διδάσκαλος Die man is leermeester
2. Koppeling	Koppel 'n Gekoppelde aan Genoemde	ὁ ἀνὴρ <u>ἐστὶ</u> διδάσκαλος Die man is leermeester
3. Gekoppelde	'n Koppeling koppel dit aan Genoemde	ὁ ἀνὴρ ἐστὶ <u>διδάσκαλος</u> Die man is leermeester
4. Handelende	Die inisieerder van die handeling/gebeure deur die Handeling uitgedruk	<u>ὁ ἀνὴρ</u> δίδωσι τὸν βιβλον Die man gee die boek
5. Handeling	Die handeling/gebeure waarvan die Handelende die inisieerder is	ὁ ἀνὴρ <u>δίδωσι</u> τὸν βιβλον Die man gee die boek
6. Behandelde	Die voorwerp/onderganer van die handeling/gebeure deur die Handeling uitgedruk	ὁ ἀνὴρ δίδωσι <u>τὸν βιβλον</u> Die man gee die boek
7. Betrokkene	Die indirekte voorwerp/bevoordeelde of benadeelde van die handeling/gebeure deur die Handeling uitgedruk	ὁ ἀνὴρ δίδωσι <u>τῷ δούλῳ</u> Die man gee vir die slaaf
8. Onverbonde	Altyd sintakties onverbonde	<u>φίλε</u> , δίδωσι τὸν βιβλον Vriend, hy gee die boek
9. Byvoeging	'n Kwalifikasie by 'n Genoemde, Gekoppelde, Handelende, Behandelde, Onverbonde of Betrokkene	ὁ <u>καλὸς</u> ἀνὴρ δίδωσιν Die goeie man gee
10. Bepaling	'n Kwalifikasie by 'n Koppeling, Gekoppelde, Handeling of Byvoeging	ὁ ἀνὴρ <u>ἀεὶ</u> δίδωσιν Die man gee altyd

3.7 Sintaktiese sinstipe

Sintaktiese sinstipes is die kleinste aantal enkelvoudige sinne waarin alle tipes verhoudings tussen sintaktiese komponente (d.w.s. alle sintaktiese funksies) vergestaltung vind.

'n Noukeurige bestudering van Griekse (en Afrikaanse) sinne toon dat al die sintaktiese funksies wat in enige sin kan voorkom, in die volgende twee sinne vergestaltung vind:

Sinstipe 1:

<u>φίλε</u>	<u>καλός</u>	<u>άνήρ</u>	<u>αεί</u>	<u>έστι</u>	<u>διδάσκαλος</u>
Vriend	'n mooi	man	altyd	(hy) is	leermeester
Onverbondene	Byvoeging	Genoemde	Bepaling	Koppeling	Gekoppelde

Sinstipe 2:

<u>φίλε</u>	<u>καλός</u>	<u>άνήρ</u>	<u>αεί</u>	<u>δίδωσι</u>	<u>βίβλον</u>	<u>δουλώ</u>
Vriend	'n mooi	man	altyd	(hy gee)	'n boek	vir 'n slaaf
Onverbondene	Byvoeging	Handelende	Bepaling	Handeling	Behandelde	Betrokkene

Elke sintaktiese komponent van enige sin kan ten opsigte van sintaktiese funksie met een van die komponente van hierdie twee sinne gekorreleer word. Die komponente van alle koppelwerkwoordsinne korreleer met sinstipe 1, en die komponente van alle oorganklike en onoorganklike werkwoordsinne met sinstipe 2.

Verskeie taalkundiges en klassici (Ponelis 1979, 375-6; Bloomfield 1935, 170-84; Funk 1977. DI. 2:378-92; Nunn 1938, 15) onderskei sinstipes

binne sintaktiese kader, maar geeneen van hierdie onderskeidings is sintaktiese sinstipes soos hierbo gedefiniëer nie. Ook die sogenaamde kernsinne ('kernel sentences') van die transformasionele model is nie sintaktiese sinstipes nie, aangesien dit sinne is wat in die sogenaamde dieptestruktuur funksioneer.

3.8 Die konstrusiemoontlikhede vir elke sintaktiese funksie

Elke sintaktiese funksie kan deur verskillende morfologiese woordsoorte en/of morfologiese konstruksies vervul word. So is dit moontlik om vir 'n afgeslote teks soos die Griekse Nuwe Testament *a/* die Griekse konstrusiemoontlike vir elke sintaktiese funksie te bepaal. Ter illustrasie word al die konstrusiemoontlikhede vir die sintaktiese funksie Handelende hier getabelleer:

Konstruksiemoontlikhede vir Handelende

Konstruksie	Grieks	Afrikaans	Teks
1. Ww-uitgang; slegs akt. + med.	<u>μέλλετε</u> αποθνήσκειν	Geen ekwivalent	Rm 8:13
3. Kwalifikasie- woorde 3.1 Bw.			
4. Nominaal- woorde 4.1 S.nw. (akt.)	<u>τὸ πνεῦμα</u> ὑπερευτυχάνει	<i>Die Gees tree (vir ons) in</i>	Rm 8:26
S.nw. (pass.)	ὅσοι <u>πνεύματι</u> ἄγονται	Hulle word <i>deur die Gees</i> gelei	Rm 8:14
4.2 Vnw.	<u>ὁμεις</u> οὐκ ἐστε ἐν σαρκί	<i>Julle is nie in die 'vlees'</i> nie	Rm 8:9
4.3 B.nw.	<u>οἱ μεγάλοι</u> κατεξουσιαζουσιν αὐτῶν	<i>Die grotes heers oor</i> hulle	Mt 20:25
5. Verbaal- woorde 5.1 Ind. + vnw.	ὃν ἀπέστειλεν ὁ θεός τὰ ῥήματα τοῦ θεοῦ λαλεῖ	<i>Wie God gestuur het</i> <i>praat woorde van God</i>	Jh 3:34
Ind. + voegw.	μέλει σοι <u>ὅτι ἀπολλύμεθα</u>	<i>Dat ons vergaan, raak U</i>	Mk 4:38
5.2 Konj. + vnw.			
Konj. + voegw.	συμφέρει ὑμῖν <u>ἵνα εἰς ἄνθρωπος</u> <u>ἀποθάνῃ</u>	<i>Dat een mens sterf,</i> <i>bevoordeel julle</i>	Jh 11:50
5.3 Opt.			
5.4 Imp.			
6. Verbaal- woorde 6.1 Inf.	δεῖ <u>γενέσθαι</u>	<i>Dat dit gebeur, is nodig</i>	Mk 13:7
6.2 Dw.	<u>ὁ ἐραυνῶν</u> τὰς καρδίας οἶδεν	<i>Hy wat die harte ken,</i> weet	Rm 8:27

3.9 Die betekenis van 'n sintaktiese funksie

Die betekenis van 'n sintaktiese funksie is die betekenisnoeming van die sintaktiese funksie in 'n taaluiting.

Bv.: In die sin $\kappa\alpha\tau\alpha\kappa\alpha\upsilon\sigma\epsilon\iota \ \pi\upsilon\rho\acute{\iota}$ (hy sal met vuur verbrand) is die sintaktiese funksie van $\pi\upsilon\rho\acute{\iota}$ (met vuur) Bepaling by $\kappa\alpha\tau\alpha\kappa\alpha\upsilon\sigma\epsilon\iota$. Die betekenis van hierdie sintaktiese funksie is dat dit die instrument van die Handeling noem; d.w.s. $\pi\upsilon\rho\acute{\iota}$ is Bepaling ten opsigte van instrument by $\kappa\alpha\tau\alpha\kappa\alpha\upsilon\sigma\epsilon\iota$.

3.10 Sintaktiese transkripsie

Sintaktiese transkripsie is die herleiding van 'n stuk taal tot sy sintaktiese funksies.

Bv.: $\acute{o} \ \acute{\alpha}\nu\eta\rho \ \delta\acute{\iota}\delta\omega\sigma\iota \ \beta\acute{\iota}\beta\lambda\omicron\nu$ (die man gee 'n boek) word sintakties getranskribeer tot Handelende + Handeling + Behandelde.

3.11 Sintaktiese eenheid

'n Sintaktiese eenheid is 'n sintaktiese komponent of meestal kombinasie van sintaktiese komponente wat as geheel 'n individuele selfstandige taaluiting vorm.

3.12 Sintaktiese struktuur en die ontleding van sintaktiese struktuur

Die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting is die struktuur wat deur die onderlinge verhoudings tussen die sintaktiese komponente en/of sintaktiese eenhede van daardie taaluiting gevorm word.

Die ontleding van die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting hou in die eerste plek in die afbakening van die sintaktiese komponente en/of sintaktiese eenhede van die taaluiting en in die tweede plek die bepaling en deursigtige aanduiding van die verhouding (en/of verhoudingsmoontlikhede) tussen hierdie sintaktiese komponente en/of sintaktiese eenhede.

4. DIE WAARDE VAN DIE ONTWERPTE MODEL

4.1 Sintaktiese ordening van die Griekse grammatika

Die behandeling van die Griekse sintaksis in boeke en Griekse grammatikas toon die gemeenskaplike kenmerk dat die morfologiese woordsoorte en morfologiese konstruksies as uitgangspunt vir die behandelingsorde geneem word, en nie 'n sintaktiese onderskeiding nie. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is Mickelsen (1963) se tipering van Griekse sintaksis. Sy behandelingsorde is *verb* (p132-7), *noun* (p142-7) en *clause* (p149-53). Hy noem ook *verb*, *noun* en *clause* "... the basic elements of syntax" (1963, 131).

Ook Afrikaanse sintaksisse neem morfologiese woordsoorte en morfologiese konstruksies as indelingsbeginsel vir die behandelingsorde. Ponelis (1979) se hoofstukindeling is bv. die volgende: naamwoorde (2-7); setsels (8); werkwoorde (9-12); adjektiewe (13); adjunkte (14); ontkenning, sinstipe en sinskleur (15); omskrywing (16); sinsinlywing en bysinne (17); naamwoordsinne (18); betreklike konstruksies (19); nominaalkonstruksies (20); plasing, nadruk, anaforiek (21-23); neweskikking (24). Ook Du Plessis (1982) neem morfologiese woordsoorte en morfologiese konstruksies as uitgangspunt vir sy behandelingsorde: Die sin; Struktuur, Stukke en stukbeelde; Die naamwoordstuk; Die voorbepaling; Die voorsetselgroep, Die werkwoordstuk; Medewerkwoorde; Hoofwerkwoorde; Die adjektiefstuk; Die adjunk.

Ongetwyfeld het hierdie werkswyse op sigself groot waarde vir die beskrywing van 'n taal. Omdat die uitgangspunt vir die behandelingsorde egter vanuit die morfologiese faset van taal gestel word, word 'n onderbroke beskrywing van die sintaksis van die betrokke taal gegee. Uiteindelik word nie soseer die sintaksis van die betrokke taal getipeer nie, maar die morfologie.

Die ontwerpde sintaktiese model bied 'n *sintaktiese* onderskeiding wat as beginsel vir die behandelingsorde van die sintaksis van (bv.) Nuwe-Testamentiese Grieks kan dien, nl. die sintaktiese funksies. In sodanige behandeling van die sintaksis van Nuwe-Testamentiese Grieks sal dan onder elke sintaktiese funksie al die morfologiese woordsoorte en morfologiese konstruksie moontlikhede wat dié betrokke sintaktiese funksie

in die Griekse Nuwe Testament kan verrig, beskryf word. Vergelyk as 'n voorbeeld die “konstruksiemoontlikhede vir Handelende”, soos getabelleer onder 3.8 hierbo. Die resultaat is dat 'n *geheelbeeld* van die sintaksis van die betrokke taal verkry word.

In 'n vorige publikasie (1982, 203-220) het ek reeds die koers vir sodanige handboek aangedui.

4.2 Die vergemakliking van sintaktiese kommentaar

Die waarde van die onderskeiding en benoeming van sintaktiese funksies blyk verder uit die feit dat dit kommentaar op die sintaksis van 'n taaluiting aansienlik vergemaklik en verhelder.

Ter illustrasie word die volgende uit Chomsky (1965, 64) aangehaal. Chomsky gee vooraf die sin *sincerity may frighten the boy* (p.63) en daarna die volgende ontleding daarvan:

“The NP *sincerity* functions as the Subject of the sentence, whereas the VP *frighten the boy* functions as the predicate of this sentence; the NP *the boy* functions as the Object of the VP, and the V *frighten* as its Main Verb; the grammatical relation Subject-Verb holds of the pair (*sincerity*, *frighten*), and the grammatical relation Verb-Object holds of the Pair (*frighten*, *the boy*).”

Indien die ontleding van bogenoemde sin op grond van die sintaktiese funksies gedoen word, is die kommentaar helderder en minder omslagtig. Die hele aangehaalde paragraaf sou vervang kon word met:


Sincerity is Handelende, *may frighten* Handeling en *the boy* Behandelde.

'n Verdere illustrasie: Chomsky (1965, 70) gee vooraf die sin *John was persuaded by Bill to be examined*, en sê dan van die sin: “*Bill* is the ('logical') Subject- of the sentence, rather than *John*, which is the so-called “grammatical” Subject- of the Sentence, that is, the Subject with respect to the surface structure.”

Hierdie selfde opmerking sou onder die volgende woorde gebring kon word: *John* is Behandelde en *Bill* Handelende. *John* is ook die tema van die sin.


4.3 'n Metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur

Die algemeen gebruikte metodes van struktuurontleding en struktuurvoorstelling is gebaseer op die model van die transformasioneel generatiewe grammatika. In hierdie model geskied die ontleding van sintaktiese struktuur volgens die boomvormige stukbeeld, bv. (uit Du Plessis, 1982, p. 34):




Ontleding geskied ook volgens die tangetjiesstukbeeld, bv. (uit Nida, 1966,30):


*Hierdie nuus bereik ons ore.



* εἰ δὲ πνεύματι τὰς πράξεις τοῦ σώματος θανατοῦτε
ζήσεσθε
(Rm 8:13b)

(maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak,
sal julle lewe)






Hierdie metode vir die ontleding van sintaktiese struktuur kan suksesvol as basis en motiverings- en verwysingsraamwerk in eksegetiese arbeid gebruik word. In my bovermelde publikasie (1982, 158-159) is sodanige gebruik van die struktuurontledingsmetode geïllustreer.


4.4 Die verklaring van naamvalle en modi

Wanneer die sintaktiese struktuur van 'n taaluiting ontleed is en dus die sintaktiese funksie van elke komponent benoem is, is die betrokke naamvalle en modi implisiet reeds verklaar.

4.4.1 Die verklaring van naamvalle

Rm 8:13b word as illustrasie gebruik. Die struktuurvoorstelling van hierdie versgedeelte is:





Die sintaktiese funksie van elke komponent is:

K5a+b is Handeling in 'n selfstandige sin.

K4-8 is Bepaling ten opsigte van voorwaarde by K5.

K4 is Handeling in 'n Bepalingsin by K5.

K6 is Bepaling ten opsigte van middele by K4.

K7 is Behandelde by K4.

K8 is Byvoeging by K7.

Op grond van bostaande sintaktiese ontleding kan die naamvalle van die selfstandige naamwoorde soos volg verklaar word:

In die geval van Handelende, Behandelde en Betrokkene is die naamval te verklaar deur bloot die naamval van die betrokke woord en onmiddellik daarna die sintaktiese funksie van die betrokke woord te noem bv.: "Nominatief as Handelende", of "Handelendenominatief".

As voorbeeld word verwys na K7 van die ontleding hierbo: K7 se sintaktiese funksie is Behandelde by K4. Die naamval word dan verklaar deur bloot by te voeg: "... en is akkusatief as Behandelde" of kortweg "... en is Behandeldeakkusatief".

Wanneer 'n Byvoeging in 'n ander naamval staan as die komponent wat hy kwalifiseer, word die verklaring van die naamval bepaal deur die betrokke Byvoeging en die komponent wat hy kwalifiseer, tot 'n sin te transformeer wat die bedoeling van die twee komponente kragtens die konteks weergee. Die sintaktiese funksie wat die Byvoegingwoord in die getransformeerde sin vervul, is dan die verklaring en tegelyk die benoeming van die naamvalgebruik.



As voorbeeld word verwys na K8 van die ontleding hierbo: K8 is Byvoeging by K7. Wanneer K7 en K8 op grond van die konteks tot 'n sin getransformeer word, lewer dit die volgende sin: *die liggaam werk*. In hierdie getransformeerde sin vervul die Byvoegingwoord (liggaam) die sintaktiese funksie *Handelende*. K8 is dus Handelendegenitief.

Wanneer 'n bepaling uit 'n verbuigbare morfologiese woordsoort bestaan, word die naamval van daardie woordsoort op die volgende wyse verklaar: op grond van die konteks word bepaal wat die semantiese funksie van die Bepaling is. Hierdie semantiese funksie is die verklaring van die naamval.

As voorbeeld word verwys na K6 van die ontleding op die vorige bladsy: K6 is Bepaling by K4, en op grond van die konteks is dit vas te stel dat die semantiese funksie van K6 *middele* is. Die datief is dus 'n datief van middele. Die volledige benoeming en verklaring van K6 is dus: K6 is Bepaling t.o.v. middele by K4 en is datief van middele.

4.4.2 Die verklaring van *modi*

'n Gedeelte van Rm 8:16 word as illustrasie gebruik. Die struktuurvoorstelling van hierdie versgedeelte is:



Die vermelding van die sintaktiese funksie van K6 is as't ware tegelykertyd die verklaring van die modus van daardie werkwoord. Die sintaktiese funksie van K6 is Behandelde by K3. Die verklaring van die modus van ἔσμεν is dus: ὅτι + indikatief in 'n Behandelde sin ('voorwerpsin') by K3.

In gevalle waar die sintaktiese funksie van die komponent waarin die betrokke werkwoord voorkom, Bepaling is, word die semantiese funksie van die Bepaling in die betrokke sin in die verklaring van die werkwoord se modus by genoem.

'n Gedeelte van Rm 8:17 word as illustrasie gebruik. Die struktuurvoorstelling van hierdie versgedeelte is:

(9) ... συμπάσχομεν
 └──────────┬──────────> (10) ἵνα καὶ συνδοξαθῶμεν

(9) ... ons ly saam
 └──────────┬──────────> (10) sodat ons ook saam verheerlik word

K10 is Handeling in 'n Bepalingsin t.o.v. gevolg by K9. Die werkwoord in K10 is konjunktief. Die volledige benoeming en verklaring van K10 is dus: K10 is Bepaling t.o.v. gevolg by K9 en die werkwoord is konjunktief in 'n gevolgsin.

4.4.3 Die vergemakliking van onderrig in naamval- en modusgebruik

Die ontwerpte sintaktiese model en die gepaardgaande metode van struktuurvoorstelling vergemaklik onderrig in die verklaring van naamvalle en modi aansienlik. Dit is die geval veral omdat daar met die struktuurvoorstelling en benoeming van sintaktiese funksies so baie gesê word.

Die dosent kan enersyds op grond van 'n struktuurvoorstelling die naamval- en modusgebruike verduidelik, en andersyds kan hy bloot op grond van 'n student se struktuurvoorstelling oordeel of die student insig in die taaluiting het.

5. TEN SLOTTE

Of die gebruik van hierdie sintaktiese model as basis en raamwerk vir die onderrig van Grieks aan voornemende predikante werklik goeie resultate lewer, sal die verdere toetsing daarvan in die praktyk toon. My verwagting is dat dit die effektiwiteit van die toerusting van die voornemende predikant aansienlik verhoog.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het kragtens kontraktuele ooreenkoms besluit dat die kerke 'n predikant as teologiese professor beroep met leeropdrag Grieks. Só het ons Here dit my taak en opdrag gemaak. Só gebruik Hy mense as instrument in sý hand om voornemende predikante toe te rus en die toerustingmateriaal vir hierdie toerusting te skep, sodat predikante dié werk wat die Here deur hulle wil doen, effektief kan doen.

Dit is 'n verantwoordelikheid waarvoor ek wil terugdeins. Ek weet egter dat God wat roep, getrou is en dat Hy die pad sál wys, en ek weet dat ek gerugsteun en gesterk word deur bekwame en toegeruste personeel aan die departement Grieks.

Daarom pak ek hierdie opdrag wat via die Universiteit en die Kerke op my gelê is met biddende vertroue.

BYLAE 1

Noodsaaklike toerusting vir voornemende predikante

NOODSAAKLIKE TOERUSTING VIR VOORNEMENDE PREDIKANT

MORFOLOGIE	SINTAKSIË	SEMANTIEK	LITERATUURKUNDE	TEKSKRITIEK	LINGUISTIEK	SEMIOTIEK	HERMENËUTIEK
1. Morfolgiese woordsoorte	1. Sintaktiese komponente	1. Semantiese woordsoorte	1. Genres	1. Paleografie	1. Teorie en beskrywing	1. Basiese beginsels	1. Basiese beginsels
2. Modi	2. Sintaktiese funksies	2. Transformasie	2. Diskoerstipes	2. Geskiedenis van teks	2. Sosiolinguistiek	2. Kultuurwêreld van teks	2. Vertaalkunde
3. Verbuigingsvorme	3. Sintaktiese struktuur	3. Leksikologie		3. Herstel van teks	3. Psigolinguistiek		3. Kommunikasiefunksie
4. Vervoegingsvorme van elke tyd	4. Formeel-ekwivalente Afrikaanse vertaling	4. Stilistiek					4. Resepsieestetika
5. Betekenis van elke tyd in elke modus		5. Gedagteopbou			5. Gedagteopbou		5. Dinamies-ekwivalente Afrikaanse vertaling

BYLAE 2

'n Samevatting van die verskillende morfologiese woordsoorte en woordsoortfamilies

Vormlike eienskappe	Die morfologiese woordsoortfamilies en die morfologiese woordsoorte van elke familie
1. Vormlik niks aanduidend, funksioneel verhouding-aanduidend. Onvervoegbaar en onverbuigbaar.	1. Verhoudingswoorde 1.1 Voorsetsels, bv. εἰς 1.2 Voegwoorde bv. γάρ 1.3 Voegwoordelike partikels, bv. δέ
2. Vormlik niks aanduidend, funksioneel kwalifikasie-aanduidend. Onvervoegbaar en onverbuigbaar.	2. Kwalifikasiewoorde 2.1 Bywoorde, bv. καλῶς 2.2 Kwalifiserende partikels, bv. δῆ
3. Verbuigbaar (Verbuigingsvorme dui geslag, getal en naamval aan).	3. Nominaalwoorde 3.1 Selfstandige naamwoorde, bv. ἀπόστολος 3.2 Voornaamwoorde, bv. αὐτός 3.3 Byvoeglike naamwoorde, bv. καλός
4. Vervoegbaar (Vergoegingsvorme dui persoon, getal, tyd, modus en aktief/passief medium aan).	4. Verbaalwoorde 4.1 Oorganklike en onoorganklike werkwoorde, bv. λύω 4.2 Koppelwerkwoorde, bv. εἰμί
5. Verbuig; en vervoegbaar. (Die verbuigings-/vervoegingsvorme dui geslag, getal, naamval, tyd en aktief/passief/medium aan).	5. Verbaal-nominaalwoorde 5.1 Infinitiewe, bv. (τὸ) λύειν. 5.2 Deelwoorde, bv. λυόμενος

AANGEHAALDE WERKE

- BLOOMFIELD, L. 1935. *Language*. Londen: George Allen + Unwin. 566 p.
- CARNAP, R. 1937. *The logical syntax of language*. Londen : Kegan Paul, Trench + Trubner. 352 p.
- CHAFE, W.L. 1970. *Meaning and structure of language*. Chicago: University of Chicago Press. 360 p.
- CHOMSKY, N. 1957. *Syntactic Structures*. Den Haag: Mouton. 117 p.
- DE HAAN, G.J., G.A.T. KOEFOED + A.L. DES TOMBE. 1977. *Basiskursus Algemene taalwetenskap*. Amsterdam : Van Gorcum. 220 p.
- DEIST, F.E. 1978. Ope vrae aan die diskoersanalise. *Die Nederduits-Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 19:260-71.
- DE SAUSSURE, F. 1966. *Kursus in algemene taalkunde* (Bewerk deur Charles Bolly en Albert Sechehaye met die medewerking van Albert Riedlinger; uit die Frans vertaal deur Alewyn Lee). Pretoria : Van Schaik. 156 p.
- DE VILLIERS, M. 1975. *Die semantiek van Afrikaans*. Kaapstad: HAUM. 274 p.
- DILLARD, R.B. 1978. A consideration of some objections to idiomatic translations. (*In* Skilton, J.H. (Ed.). *The New Testament student and Bible translation*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing (p.109-18).
- DU PLESSIS, Hans. 1982. *Sintaksis vir eerstejaars*. Pretoria: Academica. 103 p.
- FUNK, R.W. 1977. *A beginning-intermediate grammar of Hellenistic Greek*. Missoula, Montana: Society of Biblical Literature. Dl. 1. (375 p.), Dl. 2 (726 p.).
- GOETCHUIUS, E. van N. 1965. *The language of the New Testament*. New York: Charles Scribner's Sons. 349 p.
- GRABNER-HAIDER, A. 1974. Sprachanalyse-Sprachtheorie. (*In* Fischer, H. ed.), *Sprachwissen für Theologen*. Hamburg: Furche-Verlag. (p.11-27.)
- GREENLEE, J.H. 1972. The importance of syntax for the proper understanding of the Sacred Text of the New Testament. *Evangelical Quarterly*. 44:131-46.
- GROBLER, J.H. 1967. Grieks and die PU vir CHO. *Koers* XXXV:80-98.
- KRUGER, C.J.H. 1961. Die sintaktiese struktuur van die enkelvoudige sin in Tswana. (PU vir CHO — Ongepubliseerde verhandeling) 115 p.

- JORDAAN, G.J.C. 1980. Inleiding in die filologiese metodiek. Potchefstroom: Wesvalia. 94 p.
- LOADER, J.A. 1978. Gedagtes oor gekontroleerde eksegeses. *Hervormde Teologiese Studies* 34:1-41.
- LOUW, J.P. 1974. Dictions and transformations in the art of translation. *Neotestamentica* 8:80-94.
- MARTIN, R.P. 1977. Approaches to new Testament exegesis. (*In* Marshall I.H. (Ed.). *New Testament interpretation*. Exeter: paternoster. p. 220-51.)
- MICKELSEN, A.B. 1963. *Interpreting the Bible*. Grand Rapids: Eerdmans. 425 p.
- NEWMAN, B.M. + E.A. NIDA. 1973. *A translator's handbook on Paul's letter to the Romans*. Stuttgart: United Bible Societies. 325 p. (Helps for translators, Volume xiv.)
- NIDA, E.A. 1966. *A synopsis of English syntax*. Den Haag: Mouton. 174 p.
- NIDA, E.A. 1975. *Exploring semantic structures*. München: Fink Verlag. 211 p.
- NIDA, E.A. + C.K. TABER. 1974. *The theory and practice of translation*. Leiden: Brill. 217 p.
- NUNN, H.P.V. 1938. *A short syntax of New Testament Greek*. Cambridge: University Press. 180 p.
- OLLER, J.W. (Jnr) 1972. On the relation between syntax, semantics and pragmatics. *Linguistics* 83:43-55.
- PONELIS, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik. 652 p.
- ROBERTSON, A.T. 1923. *A grammar of the Greek New Testament in the light of historical research (4de hersiene uitgawe)*. New York: Hodder + Stoughton. 1453 p.
- SMYTH, H.W. 1963. *Greek Grammar (Hersien deur G.M. Messing)*. Cambridge: Harvard University Press. 784 p.
- STOKER, H.G. 1968. Taal. *Bulletin van die SAVCW* 14:146-73.
- STORK, F.C. + J.D.A. WIDDOWSON. 1974. *Learning about linguistics; an introductory workbook*. Londen: Hutchinson Educational. 186 p.
- THISELTON, A.C. 1977. Semantics and New Testament interpretation. (*In* Marshall, I.H. (Ed.). *New Testament interpretation*. Exeter: Paternoster. p.75-104.)
- TURNER, N. 1963. *Syntax*. 417 p. (Deel 3 van die reeks: Moulton, J.H., W.F. Howard + N. Turner. *A grammar of New Testament Greek*: Edinburgh: Clark).
- VAN RENSBURG, Fika. 1982. *Die ontleding van sintaktiese struktuur*

in die Griekse Nuwe-Testament. Frankfort: Fiksona. 237 p.
VORSTER, W.S. 1974. Concerning semantics, grammatical analysis and Bible translation. *Neotestamentica*. 8:21-41.
WENHAM, J.W. 1970. The elements of New Testament Greek. Cambridge: University Press. 268 p.
WINER, G.B. 1870. A treatise on the grammar of New Testament Greek regarded as the basis of New Testament exegesis. (Vertaal en verwerk deur W.F. Moulton). Edinburgh: Clark. 848 p.
WONDERLEY, W.L. 1968. Bible translations for popular use. Londen: United Bible Societies. (Helps for translators, Vol. VII). 216 p.